

AFRIKAANS EN TAALPOLITIEK: ENKELE VOORLOPIGE OPMERKINGS

Maxi van Aardt

Departement Politieke Wetenskappe, Randse Afrikaanse Universiteit

Language, serving as an integrating or differentiating element,
has, therefore, a political function.

Claus Mueller

ABSTRACT

AFRIKAANS AND LINGUISTIC POLITICS: SOME PRELIMINARY REMARKS

The purpose of this article is to indicate to what extent the Afrikaans language has been politicised in South Africa since the advent of Afrikaner nationalism in the late nineteenth century. Afrikaans and apartheid are two cornerstones of Afrikaner nationalism and in the period between 1948 and 1976 Afrikaans was perceived to be the medium through which apartheid was implemented. The 1976 Soweto Riots resulted in widespread rejection of Afrikaans, but since the early 1980's a new movement, popularly referred to as alternative Afrikaans has developed. This movement is set on giving a new or alternative ideological content to Afrikaans in direct contrast to that of establishment Afrikaans. Despite profound differences with regard to the ideological content and the aims of these two varieties of Afrikaans, there are also certain similarities between them.

1. INLEIDING

Dit is nie om dowe neutte nie dat die subtitel verwys na "voorlopige" opmerkings. Die afgelope paar jaar het verskeie taalkundiges opnuut en indringend begin kyk na die eksterne geskiedenis van Afrikaans en na die mitologisering daarvan ter wille van die behoeftes van Koers 54(2) 1989

Afrikanernasionalisme.¹ Terselfdertyd ontwikkel die konsep "alternatiewe Afrikaans" binne veral die geledere van die sogenaamde kleurlinggemeenskap in die Wes-Kaap, 'n konsep wat gekoppel word aan die ideaal van 'n breër Suid-Afrikaanse nasionalisme. Wanneer nasionalisme in die prentjie ingebring word, word 'n ondersoek na die rol van Afrikaans ook vir die student van politiek van belang, want dan verbreed die ondersoekterrein van die bloot taalkundige na die politieke arena. "Die eietydse gesprek oor Afrikaans," sê Du Plessis en Du Plessis (1987:ix), "kan nie losgemaak word van 'n ideologiese werklikheid nie." Hierdie gesprek handel juis in 'n groot mate oor die voortbestaan van Afrikaans. En gedagtig aan Alan Paton se woorde dat dit net 'n "fool or a philologist" is wat Afrikaans sou wou bespreek sonder om ook aan Afrikanernasionalisme te dink (aangehaal in Gerwel, 1987:24), het dit myns insiens tyd geword ook vir politikoloë om aandag te skenk aan die politieke rol van Afrikaans.

Dit is egter nodig om vanuit die staanspoor sterk klem te lê op die feit dat hierdie bespreking hoofsaaklik daarop gemik is om kommentaar, kritiek, wenke en so meer uit te lok, aangesien dit slegs tentatiewe opmerkings behels met die oog op 'n navorsingsprojek oor hierdie onderwerp.

Daar sal vervolgens aandag geskenk word aan die volgende konsepte:

- Taalpolitiek
- Afrikaans as standaardtaal, establishment-Afrikaans en alternatiewe Afrikaans

¹ Theo du Plessis van die Universiteit van Natal beywer hom vir die ontbloting van die mites wat deur Afrikaner nasionalisme opgebou is rondom die ontstaansgeskiedenis van Afrikaans. Jean du Plessis van US het 'n studie gedoen waardeur die geskiedenis van die eerste taalbeweging (die Paarlse Gemeenskap van Regte Afrikaners) in 'n nuwe lig gestel word (vergelyk Die Suid-Afrikaan, Junie 1988).

-
- Taalnasionalisme
- Afrikanernasionalisme
- Suid-Afrikaanse nasionalisme

Bogenoemde sal dan gevolg word deur 'n kort vergelyking tussen establishment-Afrikaans en alternatiewe Afrikaans.

2. TAALPOLITIEK

Taal, as 'n sosiale verskynsel, kan op sy wydste soos volg gedefinieer word "encompass the total verbal communication system, spoken and/or written, and aspects of it ..." (O'Barr, aangehaal in Du Plessis et al., 1987:xi). Hierdie "aspects of it" is wat vir die politikoloog van belang is. Hoe lyk die politiek van taal? Met ander woorde hoe vind die wisselwerking tussen taal en ander sosiale prosesse plaas?

Du Plessis et al. onderskei tussen taalpolitiek en politieke taal (1987:xii). Alhoewel daar oorvleueling bestaan, kan die politiek van taal volgens hulle omskryf word as 'n studie van die fasette van die verwantskap tussen taal en politiek terwyl die taal van politiek dui op die spesifieke gebruik van 'n taal deur byvoorbeeld politici. Om Afrikaans nou binne die omskrywing te plaas van taalpolitiek, kan 'n mens kyk na die inleidende opmerkings van Esterhuysen (1986) in sy taalpolitieke studie *Taalapartheid en skoolafrikaans*:

(Die boek) wil die bewustelike en onbewustelike sosiolinguistiese manipulasie deur sillabusbeplanners, voorskryfkomitees en handboekskrywers blootlê en aantoon hoe amptelik geseënde leer-materiaal linguistiese ondersteuning bied aan die apartheidsideologie.

Vir Esterhuysen gaan dit daarom dat apartheidsideoloë Afrikaans vir die Afrikaner toegeëien het en dit gebruik teen hul "donkerder taalgenote" (Esterhuysen, 1986:Inleidend). Die taalpolitiek van Afrikaans het dus daartoe gelei dat 'n wig ingedryf is tussen twee seksies van dieselfde

spraakgemeenskap: Afrikaners aan die een kant en die sogenaamde Kleurlinge aan die ander kant ter wille van die apartheidsideaal.

Taalpolitiek het 'n tweevlakkige aard. Aan die een kant het dit te doen met TAALpolitiek, ook genoem korpuskwessies, wat handel oor byvoorbeeld skryf-, spelling-, uitspraak- en taalsuiwerheidskwessies (Du Plessis, 1987b:2). TaalPOLITIEK aan die ander kant, en die vorm van taalpolitiek wat vir die doeleindes van hierdie ondersoek van belang is, behels taalstatuskwessies. Hier gaan dit om die "gesprek oor Afrikaans" - die stand van die taal op alle terreine in die samelewing en die status van die taal onder die lede van die bevolking, insluitende die redes vir die status.

3. AFRIKAANS AS STANDAARDTAAL, ESTABLISHMENT-AFRIKAANS EN ALTERNATIEWE AFRIKAANS

Dit is 'n kenmerk van 'n nasionale taal dat 'n standaardvorm daarvan ontwikkel - dit is die tipe taal wat 'n mens aantref in geskrewe, formele, amptelike Afrikaans (Conradie, 1986:118). Hierteenoor staan Nie-standaardafrikaans waaronder 'n voorbeeld tel soos "Flaaitaal" wat 'n nie-moedertaalvariant is van Afrikaans (Conradie, 1986:119). Wat vir hierdie studie van belang is, is die feit dat standaardtaal nie noodwendig deur net een politieke groepering gebruik word in doelwitnastrewing nie. Die skryftaal van dr. Andries Treurnicht of dr. Gerrit Viljoen is ook dié wat mnr Randall van den Heever gebruik as samesteller van die eerste handboek in en oor alternatiewe Afrikaans.²

Uit bogenoemde is dit duidelik dat beide establishment-Afrikaans en alternatiewe Afrikaans van dieselfde standaardvorm (kan) gebruik maak. Die twee benamings "establishment" en "alternatief" dui op taalpolitiek, met ander woorde op die ideologiese inhoud wat aan Afrikaans gegee word. Standaardafrikaans is 'n bodialektiese weergawe van die taal wat dien as basis van eenheid binne die spraakgemeenskap (Ponelis, 1987:9).

² Van den Heever, Randall. 1987. *Tree na Vryheid* Kasselsvlei : K.P.O.

Dit is daarom belangrik om deurentyd in gedagte te hou dat establishment-Afrikaans en alternatiewe Afrikaans nie na variëteite of dialekte van Afrikaans verwys nie.

Deur dus 'n term soos establishment-Afrikaans te gebruik, word verwys na die verbondenheid van Afrikaans met apartheid, of dit nou die reaksionêre vorm daarvan is soos voorgestaan deur die KP, of die nuwe weergawe daarvan soos vervat in die NP se hervormingsbeleid waarin beroepe soos die onderstaande gemaak word:

Die Afrikaner moet die gebruik van en liefde vir Afrikaans werklik van harte gun vir die nie-Afrikaners en veel meer daarvan bewus word dat Afrikaans nie meer die taal van slegs die Afrikanervolk kan bly nie (Dr. G. Viljoen, aangehaal in Du Plessis, 1987:111).

Wat van belang is in uitsprake soos bogenoemde, is die implikasie opgesluit in die woordgebruik van die spreker dat Afrikaans oorspronklik of in die eerste plek blanke besit was. Vergelyk Viljoen se stelling dat "Afrikaans nie meer die taal van slegs die Afrikanervolk kan bly nie". So 'n uitspraak herinner onwillekeurig aan die regering se hervormingsbeleid waarvolgens magsdeling plaasvind op 'n wyse wat deur die regering bepaal word. Met ander woorde, slegs dié mag wat die regering bereid is om te deel, is ter sprake, want as maghebbers kom dit die regering toe om te besluit daaroor. Net so met Afrikaans. Dit is blanke-eiendom, impliseer Viljoen, maar die Afrikaner is ruimhartig genoeg om die gebruik daarvan te gun vir die nie-Afrikaner. In direkte teenstelling hiermee dui navorsing daarop dat Afrikaans ontwikkel het in die mond van beide wit en bruin sprekers en kan 'n mens maar net teruggink aan die verwysing na Afrikaans as "kombuistaal" so 'n eeu of wat gelede. Du Plessis merk op dat Afrikaans nietemin "vanuit veral nasionale Afrikanergeleedere verbind is aan die blanke Afrikaner ... aan die ideologie van apartheid en verhef is tot witmanstaal" (1987:217). En dit ten spyte van die feit dat volgens die 1980-sensusopname Afrikaans

die moedertaal is van bykans net soveel sogenaamde Kleurlinge as blankes.³

Alternatiewe Afrikaans as term is 'n turksvy. Daar is diegene wat verkies dat die woord "alternatiewe" nie gebruik word nie.⁴ Ander verwys daarna as bevryde Afrikaans of Bevrydingsafrikaans (vergelyk Insig, April 1988). Soos reeds aangedui, word Standaardafrikaans op minstens die geskrewe vlak van alternatiewe Afrikaans gebruik, soos in Van den Heever se *Tree na vryheid*. Die beweging in en vir alternatiewe Afrikaans het egter sy oorsprong op veral die Kaapse platteland en die Wes-Kaap.

Alternatiewe Afrikaans is egter nie beperk tot 'n spesifieke bevolkingsgroep, byvoorbeeld die sogenaamde kleurlinge nie. Volgens Theo du Plessis (Rapport, 25 September 1988) kan tussen twee groeperinge onderskei word, naamlik die strydendes en die protesterendes. Eersgenoemde gebruik Afrikaans in diens van die buite-parlementêre demokratiese beweging wat stry om 'n nie-rassige Suid-Afrika. Die protesterendes gebruik alternatiewe Afrikaans steeds binne die dampkring

3

	RACIAL GROUPS				
	Whites	Coloureds	Indians	Africans	TOTAL
Native					
Language					
Afrikaans	2 581 080	2 251 860	15 500	77 320	4 925 700
English	1 763 220	324 360	698 940	29 120	2 816 640

Ontleen aan Du Plessis, H. en T. du Plessis. *Afrikaans en Taalpolitiek*: 15 Opstelle, 1987.

⁴ Vergelyk Insig, April 1988, p. 42. Die term "alternatiewe" Afrikaans word deur die oorgrote meerderheid kongresgangers by die KPO se seminar oor alternatiewe Afrikaans verwerp, maar geen melding word gemaak van 'n alternatiewe term vir hierdie vorm van Afrikaans nie.

van Afrikanerdom, maar as 'n vorm van protes daarteen en as poging tot die vestiging van 'n alternatiewe Afrikanerkultuur. Voorbeelde hiervan is die Afrikaanse rockmusiek van Johannes Kerkorrel en die Gereformeerde Blues Band en André Letoit asook die skryfwerk van laasgenoemde.⁵

Die probleme wat nog bestaan met betrekking tot die "regte" benaming vir hierdie gebruik van Afrikaans en die feit dat dit 'n gebruiksvorm is wat nog in sy kinderskoene staan, maak die omskrywing van die konsep "alternatiewe Afrikaans" moeilik. Soos reeds genoem, is Van den Heever se *Tree na vryheid* tot dusver die enigste selferkende publikasie in alternatiewe Afrikaans. Dat 'n politieke beweegrede ten grondslag lê van alternatiewe Afrikaans, is egter nie te betwyfel nie. Net soos establishment-Afrikaans is alternatiewe Afrikaans ideologies gelaai. Dit is in die eerste plek 'n reaksie téén establishment-Afrikaans wat beskou word as die taal van die onderdrukker en instrument van Afrikaner dominasie (Chris Louw in *Die Suid-Afrikaan*, Junie 1988:21). Daar het by die bruin Afrikaanssprekende, in Van den Heever se woorde "'n sielsverskeurende identiteitskrisis" ten opsigte van sy moedertaal ontwikkel (1987:3). Maar deur 'n alternatiewe ideologiese inhoud aan Afrikaans te gee, dié van 'n "taal waarin die verdrukters die protes aanhoor" (mev. Boesak, aangehaal in Du Plessis, 1987:103), word die taal gered, van sy stigma bevry en kan hy weer gepraat word. Tweedens is alternatiewe Afrikaans gerig op die ideaal van 'n nie-rassige demokratiese Suid-Afrika, waardeur dié beweging stewig binne die kader van die buite-parlementêre politiek geplaas word en Afrikaans ingespan word as bevrydingstaal vanweë "die moontlikhede van die taal binne 'n rewolusionêre opset" (Louw, 1988:21).

Alternatiewe Afrikaans word dus veral beskou as 'n belangrike mobiliseringsinstrument en die blote feit dat so kwistig in Afrikaans

⁵ Hierdie onderskeid impliseer myns insiens nie twee afsonderlike groeperinge nie. Eerder omvat die strydendes 'n "subgroep", die protesterendes, aangesien ook blanke Afrikaners deel kan wees (en is) van die demokratiese beweging.

gemobiliseer word, dui op die groot mate van sukses wat reeds bereik is daarmee om Afrikaans sedert die Soweto-onluste van 1976 van sy stigma as onderdrukkerstaal te bevry. In hierdie verband kan interessantheidshalwe gelet word op die feit dat Tree na vryheid die goedkeuring wegdra van iemand soos prof P.A.I. Obanya, die Nigeriese akademikus aan wie dié projek voorgelê is.

4. TAALNASIONALISME

Taalnasionalisme kan omskryf word as politieke mobilisering op grond van taalgemeenskap, met ander woorde deur 'n beroep te doen op die gedeelde waarde van 'n gemeenskaplike taal (Ponelis, 1987:12). Nóg Afrikanernasionalisme, nóg Suid-Afrikaanse nasionalisme is 'n suiwer vorm van taalnasionalisme.

Afrikanernasionalisme het nooit alle Afrikaanssprekendes ingesluit in sy mobiliseringsveldtog nie. Achmat Davids, 'n Kaapse gemeenskapsleier meld in uitsondering hierop dat dr D.F. Malan die hoofspreekster was by die eerste jaarlikse konferensie van die Cape Muslim Society op 17 Junie 1925. Hy het die destydse Paktregering verteenwoordig:

In his speech Malan wasted no time in playing on the Hertzogian concept of cultural identification with the Afrikaners, developing this theme to show the commonality of their language and the development of Afrikaans (1987:57).

Nietemin word Afrikaans allerweë beskou as een van die hoekstene van Afrikanernasionalisme (Davids, 1987:57; Scholtz, 1981:119; Steyn, 1980:182; Marks en Trapido, 1987:10). 'n Rede vir hierdie "geselekteerde" mobilisering lê heel moontlik opgesluit in die houding van baie Afrikaners dat daar eintlik "twee soorte" Afrikaans is. H.J.J.M. van der Merwe, 'n bekende taalkundige binne die apartheidsparadigma, verwys byvoorbeeld na 'n "vroë tweevormige bestaan van Afrikaans: die verwarde vorm onder Nie-blankes teenoor die beskaafde vorm van die Oberschicht" (1968:35).

Ook die vorm van nasionalisme waarvoor alternatiewe Afrikaans ingespan word, mobiliseer nie op grond van taalgemeenskap nie, maar eerder ook

in Afrikaans vanweë die nuttigheidswaarde daarvan. Binne hierdie gelede word Afrikaans baie beslis gesien as taal van die minderheid, maar nietemin as onontbeerlik vir die politieke bewusmakingsproses.⁶ Dr. Pallo Jordan merk byvoorbeeld teenoor Van den Heever op dat jy mense die beste mobiliseer tot aksie in hul eie taalmedium (1987:3).

Die hele kwessie van taalnasionalisme is egter nou verweef met die gebruik van Afrikaans binne die sfeer van Afrikanernasionalisme en die breë demokratiese beweging en daarom sal nou kortliks hieraan aandag geskenk word.

5. AFRIKANERNASIONALISME

In navolging van Degenaar kan Afrikanernasionalisme eerstens getipeer word as 'n volksnasionalisme wat Afrikanermag verbind aan Afrikanerkultuur; 'n nasionalisme wat Afrikanerskap afbaken binne 'n wit kleurgrens (1982:3, 4). Afrikaans is, soos reeds aangedui, by uitstek die fokuspunt van hierdie nasionalisme en vandaar dan die noodsaak dat die ontwikkelingsgeskiedenis van Afrikaans vir dekades lank blank gehou is. 'n Voorbeeld van hierdie wit taalgeskiedenis is te vind in Van der Merwe se boek, Afrikaans: Sy aard en ontwikkeling (1968:29, 36), waarin die skrywer reageer op prof. Valkhoff se aantygings dat die ontstaansgeskiedenis van Afrikaans sterk albosentristies aangebied word:

Geen Nieblankes as groep of as individu het Nederlands sodanig beïnvloed dat dit verander het tot Afrikaans nie,

* 'n Interessante gebeurtenis word verhaal deur Chris Gutuza in Die Suid-Afrikaan van Junie 1988: In Bridgeton naby Oudtshoorn verskyn daar sedert 1983 'n pro-UDF gemeenskapskoerant, Saamstaan. Hierdie koerant word in Afrikaans gepubliseer met ook bydraes in Xhosa, omdat die inwoners nie Engels verstaan nie en dit dus sinneloos sou wees om te poog om 'n politieke bewussyn by hulle te kweek deur middel van literatuur in 'n onbekende taal. Vandag word word na Saamstaan verwys as die eerste "alternatiewe" publikasie in Afrikaans.

en:

ons albosentriste se verdere argument is dat Afrikaans sy beslag gehad het voordat Kreools-Portugees en fornikasie met slawemeide dan hoogty sou gevier het in SA. Ons erken vreemdetaalinvloed op ons woordeskat, maar die Nederlands-Afrikaanse siel van ons taal, dit wil sê sy sinsbou en idioom, het onaangetas gebly, sodat Afrikaans in wese suiwer Hollands gebly het. En dis waarom dit gaan ...

Ponelis wys daarop dat Afrikaner-nasionalisme net deels 'n vorm is van taalnasionalisme omdat die ander hoeksteen daarvan, naas Afrikaans, kleur is:⁷

Wie deur Afrikanernasionalisme uitgesluit is, is onder andere die gekleurde Afrikaanssprekende, wat die Afrikaner se taalgenoot is maar nie sy kleurgenoot nie, en die blanke Engelssprekende - die kleurgenoot en ekonomiese vennoot van die Afrikaner wat nie sy taalgenoot is nie. Hierdie gemengde taalnasionalisme skei wat die taal saamvoeg: die gekleurde Afrikaanssprekende word nie deur Afrikaner nasionalisme aangespreek nie (1987:12-13).

Afrikanernasionalisme het ten doel gehad om die politieke en ekonomiese mag in die land te konsentreer in die hande van wit Afrikaanssprekendes, daardie wit Afrikaners vir wie hul grootste lojaliteit by die Afrikanervolk self lê. Aanvanklik, tot en met 1948 as gerieflike skeidslyn,⁸ was

⁷ Hierdie is natuurlik nie die enigste boustene van Afrikaner nasionalisme nie. Godsdiens is 'n ander belangrike fokuspunt. So praat dr. Gerrit Viljoen byvoorbeeld van Afrikanernasionalisme as "'n Godgewilde opdrag" (aangehaal in Degenaar, 1982:68).

⁸ Alhoewel Afrikaans reeds in 1925 naas Engels aanvaar is as die amptelike taal van die Unie van Suid-Afrika, moes dit in die jare daarna gevestig word as draer ook van hoë funksies. Steyn (1980:78) verwys hierna as die oogmerk van "gelykberegtiging" en

Afrikanernasionalisme veral gemoeid met die erkenning en vestiging van Afrikaans as amptelike taal om te dien as kulturele teenwig vir wat beskou is as dreigende verengelsing. Tweedens was dit gemik op die opheffing van die arm Afrikaners en om 'n vastrapplek in die landseksonomie te kry. Derdens het dit deur Malan se gesuiwerde NP geveg om die politieke mag te bekom. Kultuurorganisasies, die sakegemeenskap en die kerke het saam met die NP as voorste draer van Afrikanernasionalisme gewerk om hierdie doelwitte van ekonomiese en politieke magsverkryging te verwesenlik.

Sedert 1948 het Afrikanernasionalisme se fokuspunt verskuif. Die "Engelse gevaar" was hokgeslaan en nou kon met volle aandag gekonsentreer word op die "swart gevaar". Afrikanerdominasie moes verseker word deur apartheid en Afrikaans word die taal waarin apartheidswette toegepas word (Du Plessis, 1987:213). Daar word in hierdie periode sterk klem gelê deur Afrikanernasionalisme op die belangrikheid van rassuiwerheid. So onlangs nog as 1978 wys dr. Gerrit Viljoen daarop dat die onaanvaarbaarheid van bloedvermenging beklemtoon moet word en dat biologiese integrasie ter wille van die rassuiwerheid van "ons volk" teengestaan moet word (Degenaar, 1980:19).

Na gelang van die behoeftes dus van Afrikanernasionalisme, word sy fokuspeunte belig en die "volk" in terme daarvan gemobiliseer. Om verengelsing teen te werk en die blanke politieke mag te bekom, is by uitstek van Afrikaans gebruik gemaak. Om apartheid deur te voer, is die rassistiese element van Afrikanernasionalisme ingespan, maar steeds hoofsaaklik deur middel van Afrikaans, omdat taal tog primêr kommunikasiemiddel is.

Kortliks kan ook daarop gewys word dat Afrikaans sedert die aanvang van die hervormingsproses in die vroeë tagtigerjare wêër as mobiliseringsinstrument deur die NP ingespan word - hierdie keer om

omskryf dit as die proses waarin die taal tot sy reg kom as praat- en skryftaal in "staatsinstellings soos die skool, staatsdiens, leer en gereghowe, maar ook in die kerke en in winkels, kafees en ander private ondernemings".

veral die driekamerparlement aanvaarbaar te maak vir die sogenaamde Kleurlinge.

In plaas daarvan om Afrikaans se blankheid en Europese verlede te beklemtoon ter wille van die regverdiging van apartheid, word nou sterk klem gelê op die taal se Afrika-karakter, ten einde die nuwe oorlewingstrategie te propageer. Die Staatspresident kan in hierdie verband aangehaal word:

And Afrikaans, this child from the soil of Africa, has already become an instrument for millions of people - yes, for more than just the Afrikaner ... God's plan, however, had been 'the creation of another civilisation with a new language from Africa ... Afrikaans and this beautiful southern land are undeniably grown together (aangehaal in die Citizen, 85-05-19).

Omdat nuwe alliansies aangeknoop word ten einde die magsbasis van Afrikanernasionalisme te verbreed, kry ook Afrikaans nou 'n gewysigde ideologiese inhoud. Dit is ter ondersteuning van en terselfdertyd as regverdiging vir die 1983-Grondwet nodig dat 'n breër gemeenskap met gedeelde waardes geïdentifiseer word. 'n Beroep op die moedertaal is ideaal, want dit is 'n konsep met hoë emosionele waarde en ook 'n pasklaar gemene deler. Interessant is egter die feit dat bogenoemde aanhalings steeds impliseer dat Afrikaans eerstens en oorspronklik die besit van die Afrikaner is, maar dat dit nou gedeel word met 'n baie wyer groep in die "gesamentlike soeke na 'n regverdige bestel", net soos aanvaar word dat mag eintlik die Afrikaner toekom, maar hy bereid is om dit te "deel".

6. SUID-AFRIKAANSE NASIONALISME

Die konsep Suid-Afrikaanse nasionalisme is problematies juis omdat daar nog nie werklik van so iets gepraat kan word nie. Hoogstens kan in hierdie stadium verwys word na die breë demokratiese beweging wat verteenwoordig word deur byvoorbeeld 'n sambreelorganisasie soos die UDF. Alternatiewe Afrikaans pas in hierdie opset in en word deur hierdie beweging gebruik as 'n mobiliseringsinstrument. Theo du Plessis merk in hierdie verband op:

In die gesprek oor alternatiewe Afrikaans gaan dit in werklikheid nie primêr oor Afrikaans nie, maar eerder oor wat Afrikaans kan doen vir mense in verdrukking en hoe Afrikaans effektief in die stryd om hul bevryding aangewend kan word (Rapport, 25 September, 1988).

Anders as in die geval van Afrikanernasionalisme wat veral in die periode voor 1948 gerig was teen die koloniale element soos verteenwoordig deur Brittanje, is alternatiewe Afrikaans gewikkel in 'n interne stryd gemik teen wit dominasie.⁹ Dit wil dus in hierdie stadium voorkom asof dit eerder wat ideologie aanbetref, inskaker by swart nasionalisme. Iets soos die aanhef van die Vryheidsmanifes waarin verklaar word dat "South Africa belongs to all who live in it, black and white ..." (Leatt et al., 1986:97), is in die eerste plek 'n uitvloeisel van swart nasionalisme. Kyk 'n mens egter na die doelstellings van alternatiewe Afrikaans, is dit duidelik dat die skepping van 'n breër Suid-Afrikaanse samehörigheidsgevoel 'n besliste ideaal van hierdie beweging is.

Die hele vraagstuk rondom die nasionalisme wat deur alternatiewe Afrikaans verteenwoordig word, is in hierdie stadium nog onseker en heelwat navorsing in dié verband moet nog gedoen word.

7. 'N VERGELYKING TUSSEN ESTABLISHMENT-AFRIKAANS EN ALTERNATIEWE AFRIKAANS

- Beide hierdie "weergawes" het as basis Standaardafrikaans. Die verskil tussen hulle is vervat in die ideologiese inhoud wat elk aan die standaardvorm gee. Establishment-Afrikaans s'n is dié van Afrikanernasionalisme en dié van alternatiewe Afrikaans is 'n breër Suid-Afrikaanse Nasionalisme. Omdat 'n mens hier te maak het met twee verskillende tipes nasionalismes, verskil die waarde wat elk heg aan die rol en die plek van die taal binne die breër ideologiese opset. Vir Afrikanernasionalisme vorm Afrikaans 'n baie belangrike

⁹ Met erkenning aan prof. Albert Venter na aanleiding van 'n gesprek oor die onderwerp.

fokuspunt en is dit hoofsaaklik 'n objek waarom gemobiliseer word. Dit is eers sedert die aanvang van die hervormingsinisiatief dat die taal toenemend gebruik word as instrument waardeur gemobiliseer word onder die breër bevolking. Alternatiewe Afrikaans word uit die staanspoor gebruik as mobiliseringsinstrument en is nie 'n sterk fokuspunt vir Suid-Afrikaanse nasionalisme nie. Afrikaans word byvoorbeeld aan die UWK bestudeer binne die breë Suid-Afrikaanse konteks as minderheidsliteratuur (Die Suid-Afrikaan, Junie 1988).

- Beide vorms van Afrikaans poog om die taal meer "relevant" te maak, duidelik binne 'n politieke perspektief. Dit gaan daarom dat beide groepe deur middel van die taal mense tot ondersteuning en selfs optrede wil mobiliseer met die oog op 'n spesifieke doel: Afrikanernasionalisme ten einde voortgesette hervorming aanvaarbaar te maak en deur te voer; die bevrydingsbeweging ten einde 'n politieke bewussyn, en daarmee saam 'n verwerping van hervorming te kweek.
- Die onderwys speel om ooglopende redes 'n belangrike rol, establishment-Afrikaans word deur CNO gedra om so deur die taal politieke manipulasie in die opvoedingsproses te bewerkstellig. Aan die ander kant is People's Education/volksonderwys wat dieselfde oogmerke het en alternatiewe Afrikaans daarvoor inspan. Franklin Sonn sê in hierdie verband: "People's Education kan gelykgestel word aan CNO. Hy is geaak aan die vryheidstryd, en dit is daarom dat dit 'n politieke stryd is. Maar dis dieselfde as die stryd van CNO en die stryd teen Engelse imperialisme om en by die eeuwending" (DSA, Junie 1988).
- Waardebeskerming speel in beide gevalle 'n groot rol. Maar dit is verskillende waardes wat ter sprake is. 'n Ooglopende verskil tussen establishment-Afrikaans en alternatiewe Afrikaans is dat eersgenoemde binne die kader van die parlementêre tradisie met sy eie stel politieke waardes val en laasgenoemde is tuis in die buiteparlementêre kamp wat veg om 'n eie, en heel ander, stel politieke waardes.

SLOTOPMERKING

Dit sou gepas wees om ter afsluiting van Gerwel se woorde gebruik te maak: "Afrikaans is nie rassisties nie. Hy het nie die woorde gemaak nie. Dis die sprekers wat met 'Hotnot' gekom het. Ons kan nie die arme blerrie taal blameer nie ..." (Rapport, 88-03-06).

Dit is duidelik dat 'n mens moet onderskei tussen standaard-Afrikaans as taalvorm en die ideologiese weergawes/gebruik daarvan, veral wanneer die kwessie van die moontlike oorlewing/ondergang van Afrikaans ter sprake is. Daar moet met ander woorde eerder gevra word watter Afrikaans gaan oorleef/uitsterf en by implikasie vra 'n mens dan die vraag watter nasionalisme gaan in SA uiteindelik oorwin.

BIBLIOGRAFIE

CONRADIE, C.J. 1987. Afrikaans: Enkele lyne in 'n kragveld. (In Du Plessis, H. en DU Plessis T., reds. Afrikaans en taalpolitiek: Vyftien opstelle. Pretoria : HAUM. p. 187-192.)

CONRADIE, C.J. 1986. Taalgeskiedenis. Pretoria : Academica.

DAVIDS, A. 1987. The role of Afrikaans in the history of the Cape Muslim Society. (In Du Plessis, H. en Du Plessis T. reds. Afrikaans en taalpolitiek: Vyftien opstelle. Pretoria : HAUM. p. 37-59.)

DEGENAAR, J.J. 1982. Keuse vir die Afrikaner. Emmarentia : Taurus.

DU PLESSIS, H. 1987. Die Afrikaner en Afrikaans. (In Du Plessis, H. en Du Plessis T. reds. Afrikaans en taalpolitiek: Vyftien opstelle. Pretoria : HAUM. p. 211-218.)

DU PLESSIS, T. 1987a. Eietydse ideologiese groepering en die manipulasie van Afrikaans. (In Du Plessis, H. en Du Plessis T. reds. Afrikaans en taalpolitiek: Vyftien opstelle. Pretoria : HAUM. p. 99-121.)

DU PLESSIS, T. 1987b. Die politiek van standaard-Afrikaans. SA Tydskrif vir taalkunde, 5(4):1-19.

ESTERHYSE, J. 1986. Taalapartheid en Skoolafrikaans. Emmarentia : Taurus.

GERWEL, J. 1987. Het Afrikaans 'n toekoms? (In Van den Heever, R. 1987. Tree na vryheid. Kasselsvlei : Kaaplandse Professionele Onderwysersunie. p. 23-27.)

HOFMEYR, I. 1987. Building a nation from words: Afrikaans language, literature and ethnic identity, 1902-1924. (In Marks, S. en Trapido, S. The politics of race, class and nationalism. Londen : Longman.)

LEATT, J., KNEIFEL, T. & NÜRNBERGER, K. 1986. Contending Ideologies in South Africa. Kaapstad : David Philip.

PONELIS, F.A. 1987. Die eenheid van die Afrikaanse taalgemeenskap. (In Du Plessis, H. en Du Plessis, T. Afrikaans en taalpolitiek: Vyftien opstelle. Pretoria : HAUM. p.3-15.)

STEYN, J.C. 1980. Tuiste in eie taal. Kaapstad : Tafelberg.

VAN DEN HEEVER, R. 1987. Tree na vryheid. Kasselsvlei : Kaaplandse Professionele Onderwysersunie.

VAN DER MERWE, H.J.J.M. 1968. Afrikaans, sy aard en ontwikkeling. Pretoria : J.L. van Schaik.

TYDSKRIFTE EN KOERANTE

Citizen, 19 Mei 1985.

Die Suid-Afrikaan, Junie 1988.

Insig, April 1988.

Rapport, 25 September 1988.